

SKRIFLESING: Jes 6:1-8

Jesaja beteken: "die Here bewerk redding." Die profeet Jesaja het in Jerusalem gewoon. Hy was getroud en het waarskynlik 3 kinders gehad. Hy was vir meer as 40 jaar 'n profeet. Volgens Joodse oorlewering het hy 'n marteldood gesterf.

PREDIKING

Tema: Hier is ek! Stuur my!

Elkeen van ons wil elke dag soos Jesaja met oorgawe en entoesiasme opspring en vir die Here sê: "Hier is ek! Stuur my!" "Gebruik my waar en wanneer ookal vir waarvoor U my nodig het." Maar ons doen dit nie. Is moontlik om in Jesaja se entoesiasme en oorgawe te deel? Ja, dit is. Hoe kry ek dit?

1. Ek ontmoet, sien en hoor die Here.

Jesaja se visioen vind plaas in die jaar waarin Ussia dood is, waarskynlik 740 vC. Ussia was 'n suksesvolle koning. Onder sy regering het Juda 'n bloeityd beleef. Na sy dood verander alles. Van nou af sou die volk deur die Assiriese en Babiloniese regeer word. 'n Tydperk van onsekerheid, magteloosheid en swaarkry lê voor.

Teenoor hierdie nietigheid van mense, sien Jesaja die Here in al sy almag. Hy, die Almagtige, het op 'n hoë troon gesit. Die onderste deel of die soom van sy kleed het die tempel gevul. Die hele tempel was vol van sy magtige teenwoordigheid.

By Hom was serafs, hemelse diensknegte wat Hom dien. Ook hulle was onwaardig in die teenwoordigheid van God. Die serafs het hard geroep sodat die deurkosyne gerammel en die tempel vol rook geword het.

Ons hoor hulle roep in Jes 6:3: "Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid."

Die Here is 3 maal, met ander woorde, volmaak heilig. Jesaja sien die grootheid, heiligheid en mag van die Here op 'n nuwe manier. Hy is so anders as ons as sondige mense.

Hy sit nie net ver op sy hemelse troon nie. Sy teenwoordigheid vul nie net die tempel nie. Hy is die Almagtige. Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid.

Ek wil ook graag die Here so sien!! Maar daar was nie 'n kamera om die Hom so af te neem nie. Waar kan ek die Here vandag hoor en sien?

Soek Hom, sien Hom en hoor Hom in die Bybel. Sien sy liefde vir jou aan die kruis.

Ontmoet Hom in eredienste en by die bediening van die doop en die nagmaal.

Hoor van Hom in medegelowiges se getuienis en by kleingroepe.

Sien Hom in die skepping.

God wil Homself nie verborge hou nie. Hy speel nie wegkruipertjie nie. Hy wil Homself en Sy wil aan ons bekend maak. Op gewone maniere kom stel God Hom vandag steeds aan ons bekend. Hy wil dat ons Hom ontmoet en leer ken.

In die oorweldigende teenwoordigheid van die Here se absolute grootheid, almag en volmaakte heiligheid, **beseft ek dat ek nie op standaard is nie.**

2. Ek beseft my eie sondigheid en nietigheid.

Jes roep uit in Jes 6:5 "Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige."

Teenoor Hom wat volmaak heilig is, is ek totaal korrup. Ek is in sonde vasgevang. Ek doen sonde deur wat ek sê. En nie net ek nie, maar ook die volk by wie ek bly doen dit. Soos Jesaja roep ek uit: "Dit is klaar met my. Ek is verlore."

Soos die tollenaar in Luk 18 slaan ek bedroef op my bors en sê: "O, God, wees my, sondaar, genadig."

En dan doen Hy 'n wonderwerk.

3. Die Here vergewe my sonde, maak my nuut en roep my vir diens.

Jes 6:6-7: Een van die serafs het toe 'n gloeiende kool met 'n tang van die altaar af gevat en na my toe gevlieg. Hy het my mond aangeraak met die kool en gesê: "Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortreding vergewe, jou sonde versoen."

Die altaar is 'n simbool van 'n offer wat gebring is om versoening tussen God en mens te bewerk. Vandag is die altaar vervang met die kruis. Aan die kruis het Jesus versoening vir ons sonde bewerk. Hoor nou weer as die Here vir jou in 1 Joh 1:9 sê: "Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."

Die Here vergewe nie net my sonde nie, Hy rus my toe en roep my vir diens sodat ek vir Hom bruikbaar is.

Jesaja word deur die Here nuut gemaak. Hierdie Goddelike verandering is radikaal. Van 'n hulpelose uitroep: "dit is klaar met my, ek is verlore, elke woord oor my lippe is onrein!" na 'n gereedheid vir diens: "Hier is ek! Stuur my!" Jesaja se sonde is vergewe en hy is bereid om enige iets vir God te doen.

Hierdie radikale verandering in gelowiges se lewens is niks vreemds nie, dit is noodsaaklik. Here wil ook jou lewe so verander. Hy vergewe jou sonde. Maar vergifnis van sonde is nie die einde nie, dit is die begin van die dien van die Here. Saam met vergifnis gaan roeping. Die Here rus almal van ons toe en dan roep Hy ons vir sy diens. As Hy my sonde vergewe en my nuut gemaak het, kan ek nie anders om ook op sy roepstem te antwoord in die woorde van Jes 8:8 nie: "Hier is ek! Stuur my!"

4. Ek stel myself beskikbaar vir diens

Ek is 'n boodskapper van die Here nie op grond van wie ek is nie, maar op grond van wie die Here is. As die Here my roep, gehoorsaam ek en laat toe dat Hy deur my 'n verskil maak.

Sluit af

Die Here stuur vir elkeen van ons.

My bereidheid om gebruik te word, begin by die Hom.

Nadat ek die Here ontmoet, gesien en gehoor het vir wie Hy is, nadat ek my eie sonde en nietigheid in Sy teenwoordigheid besef het en nadat die Here my radikaal gereinig het daarvan, roep Hy my. As die Here ons roep, kan ons nie anders nie as om ook te antwoord: "Hier is ek! Stuur my!"

Amen